VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

1 Mei	**Wyme du Plessis,**. Wyk 10
5 Mei	**Wilmarie du Plessis,** . Wyk 2

Die Teologiese Studente Vereniging bied aan:

U WOORD IS 'N LAMP VIR MY VOET EN 'N LIG VIR MY PAD

'n Lofsangaand waar ons deur die Psalm 119-beryming (1936) sing.

5 Mei 2022 om 17:30 vir 18:00.

Gereformeerde Kerk Potchefstroom.

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 14 Sondag 1 Mei 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 1 **Gert Kruger** en wyk 2 **vakant.** Diaken: Wyk 1 vakant en Wyk 2 **Zurich Terblanche.**

EREDIENSTE

Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Sang voor die erediens: Psalm 89: 2, 6.
Woordbediening: Efesiërs 2
Sang tydens die erediens: Psalm 118: 10, 11, 13; Skrifberyming 26: 1, 11 (Tema 9 - 1); Psalm 135: 1, 2; Psalm 84: 4, 5.

AAND Woordbediening: Openbaring 17: 1 - 18: 8 (AFR20).
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 29c.
TEMA: ***"Die valse kerk is die voertuig van die vals profeet en die antichris in 'n sondige, verleidende, God-vyandige wêreld"***
Sang voor die erediens: Skrifberyming 16 [16-1]:8, 9, 10.
Sang tydens erediens: Psalm 9:1, 2, 4, 7; Skrifberyming 41:1, 2, 3, 4 (Tema15-5); Skrifberyming 36: 1, 3, 4, 5 (Tema18-2)(melodie Psalm 59)

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Noodtoestand in KwaZulu-Natal*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

Die **SDDS** (Sinodale Deputate vir Diakonale Sake) het 'n versoek gerig om in samewerking met Klassis KwaZulu-Natal Suid hulp te verleen aan die noodlydendes. Vanoggend se kollekte in die rooi sakkies gaan dus vir hulp aldaar.

LIEF EN LEED

Ons dank ons hemelse Vader dat die operasie van **Ita Schulze** goed afgeloop het.
Sy is Vrydag ontslaan en sterk aan by Huis Eikelaan.
Ons bid haar krag en sterkte toe.

Meraaisie de Beer se gesondheid het verbeter en ons is dankbaar teenoor ons hemelse Vader dat haar kragte elke dag beter word.

Sarie Spaumer mag nog vir die volgende drie weke slegs lê en stap (met 'n rugstut), maar ons dank die Here vir die goeie vordering op die pad van herstel na haar rugoperasie. Ons dink ook steeds in ons gebede aan haar en Nico en Sarie se broer wat ernstig siek is. Mag die Here se genade elke dag genoeg wees.

Miriam Coetzee het, toe die *Op die Kerkwerf* voorberei is, nog in die mediese saal van Medikliniek aangesterk nadat sy 'n week of wat gelede geval het.
Breinskandering is gedoen nadat sy merkbaar verswak het. Ons verseker Miriam en Frans van ons voorbidding.

May Vorster sou die afgelope week met chemoterapie in Klerksdorp begin het. Voordat sy egter vir die chemoterapie kon gaan, moes 'n sonar eers gedoen word waartydens vasgestel is dat May diep veneuse trombose aan haar linkerbeen het. Die chemoterapie is met 'n week uitgestel en May sal nou op 2 Mei in Potchefstroom daarmee begin. Dit is ons gebed dat die Vader van alle ontferming die behandeling ryklik sal seën tot eer van sy Naam en vir May tot lewenskwaliteit.

Wymie du Plessis het Donderdagmiddag 'n ondersoek deur die kardioloog op Klerksdorp ondergaan. As gevolg van versteurings in haar hartritme word sy Maandag opgeneem met die oog op 'n angiogram wat Dinsdag (2 Mei) gedoen sal word. Ons verseker Wymie van ons voorbidding in haar besondere omstandighede.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie

	Sondag 1 Mei			**Sondag 8 Mei**
Lesrooster: **Psalmvers:**	Geen katkisasie as gevolg van langnaweek			Les 10 Psalm 8:1
Katkisasie toesig:				Wyk 1: Graad 3 & 4 Wyk 2: Graad 5 & 6
Di	03/05	16:15	Hoërskoolkatkisasie	Les 21

Dagboek

So	01/05	09:30	Erediens: Prof Callie Coetzee Aand: ds Jannes van Dyk	
Di	03/05	15:00	Bybelstudie in die rooi sitkamer	Huis Eikelaan
		16:15	Katkisasie	Ou Kerkie
Wo	04/05		Huisbesoek	Volgens afsprake
Do	05/05	09:30	Bybelstudie	Kerkkantoor
So	08/05	09:30	Sakrament van die doop: *Hailey Baptista*	
		19:00	Ouderlinge vergadering	Ou Kerkie
			Diakonie vergadering	Konsistorie

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Belangrike datums om te onthou

So	15/05	19:00	Ouderlinge- en Diakonie-vergadering	Ou Kerkie
So	22/05	09:30	Sakrament van die Nagmaal (een diens)	
		12:00	Gemeente-ete	Kerksaal

Attestate

Ontvang: Die attestaat van **Marinda Meyer** is ontvang vanaf Gereformeerde Kerk Wilropark sel Sy is ingedeel in **Wyk 17** met ouderling Kobus Mentz, diaken Pieter Bouwsema en wyksuster Marli Nortjé.
Baie welkom in ons gemeente.